# Wys my die weg, Here

## WELKOM

Gesels oor wat julle definisie van die woord "dapper" is. Vra vir die jongmense watter dapper besluite hulle al moes neem.

## WONDER

Vandag gesels ons oor Ester. Ester se lewe het 'n onverwagte wending geneem toe die koning haar as koningin gekies het. As koningin moes sy 'n belangrike besluit neem wat baie mense se lewe beïnvloed het.

Lees Ester 4:8-14 saam. Vertel gerus die volle verhaal kortliks vir die groep.

Gesels saam:

- Wat was vir julle opvallend in die verhaal?
- Watter raakpunte in daar tussen Ester se verhaal en jou eie lewe?
- Waar het jy of iemand wat jy ken die moed gehad om die regte ding te doen, al was dit moeilik?
- Het iemand al vir jou opgestaan? Hoe het dit jou beïnvloed?
- Hoe kan jy 'n stem wees vir diegene wat nie vir hulleself kan praat nie?

## WEES

Kyk die volgende **TED Talk van Brené Brown. (https://www.youtube.com/watch?v=iCvmsMzlF7o)**

Gesels saam:

- Wat is die punt van haar boodskap?
- Hoe sluit dit aan by Ester se verhaal?
- Hoe help dit ons wanneer ons dapper moet wees?

## WEGSTUUR

*Isibindi* is 'n Zulu- en Xhosa-woord wat "wees dapper" beteken. Ester se verhaal herinner ons dat ons dapper kan wees, al is ons bang, want God is aan ons kant. Gaan deel hierdie woord met iemand.

Kyk gerus ook die fliek *One night with the king*. Hoewel dit 'n gedramatiseerde vertolking van die verhaal van Ester is, gee dit 'n mens tog 'n idee van hoe die verhaal afgespeel het.